Reg vir Suidpool

# SUIDPOOLSPAN VERTREK VANDAG NA BASIS



*AL die lede van die negende Suidpoolekspedisie was gister in Kaapstad. Hier staan vier lede van die span op die R.S.A. V.l.n.r. is mnre. Danie Joubert (leier en fisikus), W. B. Meyer (senior werktuigkundige), Jan Smith (geomagnetikus) en Fred Clemence (senior weerkundige). Mnre. Joubert, Smith en Clemence was vroeër reeds 'n jaar in Antarktika.*

Eddie

**Deur Ons Skeepsverslaggewer**

**DIE negende Suidpoolekspedisie vertrek vanmiddag om vieruur uit Kaapstad op die navorsingskip R.S.A. Die span bestaan uit sestien lede wat die huidige span wat daar oorwinter het, sal aflos. Hulle sal 'n jaar in Antarktika bly.**

Nege Belge, van wie vyf natuurwetenskaplikes is, sal die vaart meemaak. Al vyf was al voorheen in Antarktika. Die leier van die Belgiese span, dr. T. van Autenboer, sal nou vir die sesde keer na Antarktika gaan. Hy was ook twee keer op ekspedisies na die Noordpool.

By vorige geleenthede het die Belgiese span op sy eie skip na sy eie basis gegaan. Dié basis, Koning Boudewijn, is egter in Januarie vanjaar afgetakel.

Die leiers van die hele ekspedisie is mnr. D. C. Neethling van die Departement van Vervoer en dr. Van Autenboer. Die leier van die Suidpoolspan is mnr. Danie Joubert.

## KLEURPRENT


Vier lede van die Nasionale Filmraad, met mnr. Henry Nel as hoof, sal ook die vaart meemaak. Die ander lede van die Filmraad is mnre. J. de Vries, W. van der Mark en J. L. Kriel.

Hulle sal 'n kleurrolprent maak van die vaart, die Suid-Afrikaanse basis SANAE, en die werksaamhede van die ekspedisie. Dit is vir binne- en buitelandse verspreiding bedoel.

Dit is die eerste keer dat vliegtuie op die R.S.A. na Antarktika geneem word. 'n Cessna-vliegtuig is gister uit sy krat gehaal en op die skip gelaai.

'n Groot Otter-vliegtuig sal in sy krat op die skip gelaai word en eers op die ys in Antarktika gemonteer word. Die vliegtuie is deur die Belgiese regering vir die ekspedisie per skip na Suid-Afrika gestuur. Die Otter-vliegtuig weeg, saam met die krat waarin dit verpak is, elf ton. Die krat het R6,000 gekos, het dr. Van Autenboer gister gesê. Dit sal na België teruggestuur word.

Die vliegtuie sal gebruik word om op verskeie vlugte tien Suid-



*TERWYL die sweet hom afgetap het, het die vriendelike geneesheer van die negende Suidpoolekspedisie, dr. Heinz Rode, gister sy warm Suidpoolpak aangetrek. Hy het pas 'n jaar as huisdokter by die Hendrik Verwoerd-Hospitaal in Pretoria voltooi. Net 1 lid van die Suidpoolspan, mnr. W. B. Meyer, is getroud.*

bert.

## KLEURPRENT

Vier lede van die Nasionale Filmraad, met mnr. Henry Nel as hoof, sal ook die vaart meemaak. Die ander lede van die Filmraad is mnre. J. de Vries, W. van der Mark en J. L. Kriel.

Hulle sal 'n kleurrolprent maak van die vaart, die Suid-Afrikaanse basis SANAE, en die werksaamhede van die ekspedisie. Dit is vir binne- en buitelandse verspreiding bedoel.

Dit is die eerste keer dat vliegtuie op die R.S.A. na Antarktika geneem word. 'n Cessna-vliegtuig is gister uit sy krat gehaal en op die skip gelaai.

'n Groot Otter-vliegtuig sal in sy krat op die skip gelaai word en eers op die ys in Antarktika gemonteer word. Die vliegtuie is deur die Belgiese regering vir die ekspedisie per skip na Suid-Afrika gestuur. Die Otter-vliegtuig weeg, saam met die krat waarin dit verpak is, elf ton. Die krat het R6,000 gekos, het dr. Van Autenboer gister gesê. Dit sal na België teruggestuur word.

Die vliegtuie sal gebruik word om op verskeie vlugte tien Suid-Afrikaners en nege Belge na die berge in Antarktika te bring. Gletserkundige, geologiese en landmeterkundige opnames sal deur die navorsers gemaak word. 'n Landkaart van die veranderende kuslyn van SANAE sal ook met behulp van die vliegtuie opgestel word.